Restaurant, setperk . . . die lys hou net aan

Die wêreld se ekonomiese krisis het chaos veroorsaak met eiendomspryse. In Suid-Afrika voel onlangse afgetredenes waarskynlik die knyp die meeste.

Om in die ideale aftree-eiendom te belê, is 'n belangrike lewensbesluit wat selfs moeiliker gemaak word as jy sukkel om jou bestaande huis te verkoop.

Dis waarom Amdec-eiendomsontwikkelaars met 'n oplossing vorendag probeer kom met hul R195 miljoen-aftreedorpie, Evergreen, in Muizenberg.

Mnr. John Wilson, Amdec se voorsitter, sê hulle het gevind dat baie voornemende kopers nie hul bestaande huise verkoop kon kry nie, wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het om by Evergreen te koop.

Amdec het besef hul ervare en proaktiewe verkoopspan sou kon help deur 'n aktiewe rol te speel in die verkoop van voornemende Evergreen-kopers se huise. Tot dusver het die span al taamlike sukses met die verkoop van huise en hulle kry gemiddeld meer as 90% van die vraprys.

'n Argitek se voorstelling van hoe dit by die Evergreen Muizenberg-aftreedorp gaan lyk.

Evergreen Muizenberg se eerste fase is laat in 2008 voltooi met 67 enkel- en dubbelverdiepinghuise van sowat R1,175 miljoen.

Een van die deurslaggewende aantrekkings is die uitgebreide gesondheidsorggeriewe wat op die perseel aangebied word, asook sosiale gemeenskapsgeriewe, die huishou-, wasgoed-, skoonmaak- en tuindienste.

Meer as die helfte van die eerste fase is reeds verkoop of word in reserwe gehou.

Die Board-klubhuis verskaf geriewe soos 'n restaurant, biblioteek en TV-kamer. Daar is ook 'n gimnasium, setperk en kroukiebaan.

Die volgende fase is die ontwikkeling van 138 woonstelle vir mense wat 'n leefstyl van toesluit-en-loop verkies. Groottes wissel van 42 m² tot 63 m² met pryse vanaf R750 000.

Die eiendomme word aangebied op 'n lewensregbasis in terme van die Wet op Behuisingskemas vir Afgetrede Persone.

Vir meer inligting, kontak Jayne Hendry by ☎ 083 3240 323 of ☎ 021 702 3200 en besoek www.evergreenlifestyle.co.za.